MOEDERKERK
KRUISKERK

# JULLE TROUE IN MOEDERKERK STELLENBOSCH

## 1. ALGEMEEN

Ons is saam met julle opgewonde oor die groot dag wat voorlê. Ons gebed is dat die Here julle huwelik sal seën. Geniet ook al die voorbereidings vir die troue – dis deel van die avontuur! Ons is bly dat julle dit oorweeg om die historiese Moederkerk-gebou julle huwelik te laat bevestig. Moedergemeente is die tweede oudste gemeente in Suid-Afrika (gestig in 1686) en in die pragtige kerkgebou gaan julle soos baie egpare voor julle, julle huweliksbeloftes voor God en julle vriende en familie aflê. Omdat die Moedergemeente 'n baie gewilde kerk vir huwelike is, is dit nodig dat daar 'n paar reëlings moet wees, wat ons hieronder deurgee.

## 2. BESPREKING

Besprekings moet persoonlik of telefonies gedoen word. **Geen troues kan vir Goeie Vrydag, Paassondag of Kersdag bespreek word nie**. Julle bespreking is eers finaal wanneer die vorm (op bl.3) behoorlik ingevul en na die Kerkkantoor per e-pos gestuur is, die huweliksfooi betaal is (verkieslik deur 'n elektroniese oorbetaling) en die kerkkantoor dit aan julle bevestig het. Onder geen omstandighede mag daar aan die tyd waarop die huwelik sal plaasvind verander word sonder dat julle die kerkkantoor geraadpleeg het nie.

## 3. DUUR VAN DIE SEREMONIE

3.1 Daar word 45 minute vir julle troue gereserveer. Daarna het julle nog 15 minute vir foto's in die kerk en om die blomme te ontruim. Dit is dus slegs 60 minute in totaal vir die Seremonie. Die kerk word 30 minute voor die Seremonie oopgesluit om enige logistiek/blomme te kan akkommodeer (soos met die koster gereël).

3.2 Indien die bruid laat by die kerk opdaag, sal die troue noodgedwonge ingekort word om nie die volgende paartjie te verontrief nie. Die huweliksbevestiger sal opdrag kry om binne hierdie tydsbeperking te bly.

## 4. HUWELIKSFOOI

4.1 Die fooi vir die gebruik van die kerkgebou, fasiliteite en die kosters is R6550.00 (orrelis aparte koste volgens reëling).

4.2 Hierdie bedrag moet so gou moontlik nadat julle die bespreking gemaak het, inbetaal word. Ons verkies dat 'n elektroniese oorbetaling gedoen word. Ons bankbesonderhede is as volg:
NG Kerk Stellenbosch
NEDBANK (BUSINESS WINELANDS) REK NR. 1498043232 (Tjek) Tak no: 149821
Faks asseblief die bewys van betaling aan 021 886 4041 of e-pos dit aan marianne@moederkerk.co.za

4.3 Kansellasie van 'n troue moet ten minste twee maande vooraf geskied. R2000 is dan terugbetaalbaar. Indien dit korter as twee maande vooraf gekanselleer word, word die volle bedrag verbeur.

## 5. HUWELIKSBEVESTIGER

5.1 Tref asseblief self met die predikant van julle keuse reëlings. Reëlings vir die vergoeding van sy/haar dienste word ook direk met die betrokke predikant self getref.

5.2 Die huweliksbevestiger moet 'n geregistreerde huweliksbevestiger by die Departement van Binnelandse Sake wees.

5.3 Die huweliksbevestiger moet bereid wees om die gewyde karakter van die Moedergemeente te eerbiedig.

5.4 Enige verandering van huweliksbevestiger wat die bevestiging sal waarneem, moet asseblief onverwyld by die Kerkkantoor aangemeld word.

## 6. ORRELIS

6.1 Ons verkies dat julle van ons orrelis, **Zorada Temmingh**, se dienste gebruik maak. Sy kan gekontak word by **zorada@zorada.co.za**, selfoon 082 560 7553. Julle kan egter ook julle eie orrelis kies. Hierdie persoon moet by Zorada toestemming kry om op die orrel te mag speel. Alle vergoeding en reëlings moet self met die betrokke orrelis getref word.

6.2 Indien julle nie van 'n orrelis gebruik wil maak nie, kan julle musiek deur middel van 'n laptop of 'n CD in die kerk speel. Hierdie reëlings moet direk met die koster getref word en dit moet voor die seremonie getoets word.

MOEDERKERK
KRUISKERK

**7. KOSTER**

7.1 Die kosters is beskikbaar by **082 784 2012** of **koster@moederkerk.co.za** (Ester van Wyk).

7.2 Die kosters word deur die kerkkantoor van julle troue in kennis gestel sodra julle die aangehegte vorm by die kerkkantoor ingehandig het en julle die fooie oorbetaal het.

7.3 Julle moet asseblief twee weke vooraf die kosters kontak vir finale reëlings.

**8. OEFENSESSIES**

8.1 Een oefensessie van 30 minute is by die huweliksfooi ingesluit, indien julle daarvan gebruik wil maak. Die tyd van die oefensessie moet betyds met die koster ooreengekom word.

8.2 Addisionele oefensessies kan teen 'n ekstra koste van R350 per halfuur gereël word.

**8. REËLINGS in die KERK**

**8.1 BLOMME & BANKRUIKERS**

8.1.1 Die bloemiste moet die blomme **vooraf rangskik** en 'n **uur vooraf** in die kerk inbring (slegs deur die konsistorie). Maak seker dat daar nie te veel water in die pot is nie.

8.1.2 Blomstaanders met skerp rante as basis mag nie gebruik word nie aangesien dit die matte beskadig.

8.1.3 Slegs rekkies of linte mag gebruik word om versierings of blomme aan die banke vas te heg. Geen kleeflint of enige soort gom mag gebruik word nie.

8.1.4 Geen droë blomme, sproei, blinkertjies of kleurstof mag op die bankruikertjies gespuit of geplak word nie. Dit mag skade aan die banke of matte aanbring, waarvoor julle dan verantwoordelik gehou sal word.

8.1.5 Hou net in gedagte dat die paadjie reguit na die preekstoel baie NOU is.

8.1.6 Alle blomme en versierings moet asseblief onmiddellik na afloop van die diens uit die kerkgebou verwyder word.

**8.2 KERSE**

EEN groot kers en/of TWEE klein kerse word toegelaat, slegs indien dit deel van die trouseremonie vorm. Die groot kers moet in 'n glashouer aangebring word, wat hoër as die kers self is. Die klein kerse moet vas wees in blakers en hiervoor word slegs 'non-drip' kerse toegelaat. Die kerse word slegs op die glasblad van die tafel in die liturgiese ruimte toegelaat.

**8.3 TEKEN VAN HUWELIKSREGISTER**

Die register word gewoonlik (nie noodwendig nie) op 'n tafel in die kerk onderteken. Julle is self verantwoordelik vir enige versierings (soos 'n ruikertjie of tafeldoek) vir die tafel.

**8.4 KONFETTI**

Konfetti mag gebruik word, en slegs buite die kerk se hekke op die sypaadjie gestrooi word.

**8.5 ELEKTRONIESE APPARAAT**

Onder **geen** omstandighede mag enige elektroniese apparaat aan die kerk se klanksisteem gekoppel word nie.

**8.7 WATER**

Ongelukkig mag daar **geen** waterbottels in die kerk in geneem word nie.

**8.8 FOTOGRAWE**

Ons versoek asseblief dat alle fotograwe ons liturgiese ruimte sal respekteer met betrekking tot die huweliksseremonie. Ons vra dat hulle oordeel sal gebruik hier en nie die liturgiese ruimte en seremonie sal ontwrig nie.

# Besorg asb hierdie bladsy saam met julle betaling aan die Kerkkantoor

| *DAG VAN HUWELIKSBEVESTIGING* | | *DATUM* | | | *20....* | *TYD* | *h* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

## *BRUIDEGOM*

| | |
|---|---|
| *VAN* | |
| *VOLLE NAME* | |
| *WOONADRES* | |
| *(nie posbus)* | |

| *Telefoon (Huis)* | *Telefoon (Werk)* | *Selfoon* | *E-pos* |
|---|---|---|---|
| | | | |

## *BRUID*

| | |
|---|---|
| *VAN* | |
| *VOLLE NAME* | |
| *WOONADRES* | |
| *(nie posbus)* | |

| *Telefoon (Huis)* | *Telefoon (Werk)* | *Selfoon* | *E-pos* |
|---|---|---|---|
| | | | |

## *HUWELIKSBEVESTIGER*

| | |
|---|---|
| *TITEL, VOORLETTERS EN VAN* | *SELFOON* |
| *GEMEENTE EN BENOEMINGSNOMMER* | *E-POS* |

## *ORRELIS*

| *NAAM* | *SELFOON* | *E-POS* |
|---|---|---|

## *BLOEMISTE*

| *NAAM* | *SELFOON* | *E-POS* |
|---|---|---|

## *TROUKOÖRDINEERDER*

| *NAAM* | *SELFOON* | *E-POS* |
|---|---|---|

*MERK ASSEBLIEF WATTER VAN DIE VOLGENDE JULLE WIL GEBRUIK*

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| *PREEKSTOEL* | | *KATEDER* | | *LAPEL MIKROFOON* | | *EKSTRA MIKROFOON* | |
| *CD SPELER* | | *SKOOTREKENAAR* | | *KLANKTOERUSTING* | | *SKERMS* | |

*BEDRAG BETAALBAAR*

*Verhuring van die Kerkgebou* *R6 550*

*(orrelis & predikant uitgesluit;*
*dit is julle eie verantwoordelikheid)*

*R6 550*

*Vir kantoorgebruik*

| | |
|---|---|
| *Bedrag betaal* | |
| *Kwitansienommer* | |
| *Datum* | |

*Beskryf kortliks die dékor-konsep van die trouseremonie:*

*Ek/ons neem die reëlings en korrespondensie waar namens die bruidspaar. Ek/ons neem ook verantwoordelikheid vir die kerk se los mikrofone en skootrekenaar indien dit gebruik word.*

*NAAM EN VAN* *TROU KOÖRDINEERDER*

*HANDTEKENING* *DATUM*